

'N LIEDJIE EN 'N STAD

Deur

Dr. S. J. du Toit

UIT die tyd van die Voortrek stam die stad Bloemfontein, en uit dié tyd ook, na sommige beweer, die liedjie *Vat jou goed en trek, Ferreira*.

Die oorlewering, of legende byna, dat Bloemfontein sy naam aan die Griekwa-rower Jan Bloem ontleen, is welbekend. Teenswoordig egter word die getal van diegene wat hierdie opvatting toegedaan is al kleiner. Daarteen kan meer as een bewysgrond aangevoer word.

Eerstens noem ek hier die filologiese. Herhaaldelik, o.a. deur mnr. F. P. Cillié in *Die Volksblad*, is al op die verskynsel gewys dat samestellinge van persoons- of famieliename met „fontein,” „put,” „pan,” „kop,” „dorp” ens., waarvan daar voorbeelde oor die lengte en breedte van Suid-Afrika aangetref word, ’n tusserletter „s” ook te beskou as ’n genitiëfs-s, invoeg, behalwe waar die eerste lid van die samestelling reeds op „s” eindig en (of) die tweede met „s” begin; dus: *Dewetsdorp, Bestersput, Annaspan, Dutoitspan, Bredasdorp, Bainsvlei, Liebenbergsvlei* ens.; maar *Pretoriuskop, Villiersdorp* ens. *Bronkhorstfontein* is geen uitsondering nie, daar die „t” hier nie uitgespreek word nie. Waar dit egter samestellinge met vreemde woorde geld, skyn die taalgevoel van die volk soms die spoor byster te raak soos in die benaminge *Caledonrivier, Hertzogville, Bothaville* ens., waarteenoor egter weer *Dealesville, Luytswil* ens.

Is die eerste lid van ’n samestelling nie ’n persoons- of famielienaam nie, dan bly die „s” agterweë; b.v. in *Rietfontein, Koffiefontein, Loogkop, Klipdrif, Perdekraal, Bloemhof* ens.

In aansluiting by hierdie reël sou dus die fontein van Jan Blo(e)m moet heet *Blo(e)msfontein*, dog die fontein waar daar blomme groei, *Blo(e)mfontein!*

Ook mondelinge oorlewering pleit soms teen die Jan Blom-teorie.

Hieronder noem ek die mededeling enige jare gelede in *Die Volksblad* deur ’n ou ingesetene van Bloemfontein. Dit kom kortliks hierop neer: Brits, die eerste eienaar van die plek, het sy plaas, waarmee hy skynbaar nie alte byster ingenome was nie, K...kfontein gedoop. Om begryplike redes wou egter majoor Warden, toe hy hier sy hoofkwartier kom vestig het, hom hierdie naam nie laat welgeval nie, en het hy dit tot Bloemfontein verander.

Besonderhede omtrent die oue heer Brits vernem ’n mens langs mondelinge oorlewering intussen bloedweinig. Van een van sy nakomelinge is die verhaal afkomstig van hoe ’n leeu op ’n keer een van sy kinders digby die fontein gevang het, ’n puntjie wat, net soos die naam van sy plaas, so pas genoem, in die lig van wat ek nou gaan meedeel, van belang sal blyk.

Die verklaring van die naam Bloemfontein, soos ek dit hier laat volg, het ek gekry van die ruim tagtigjarige Johannes Nicolaas Greyling, tans woonagtig in Standerton, Transvaal. Vermelding van die feit dat hy in die distrik Bloemfontein oud geword het, het ons gesprek toevallig ook na die veel betwiste oorsprong van die naam gevoer.

„Maar dit kan ek hulle vertel, waar die naam vandaan kom,” het hy geantwoord, nadat hy eers bedaar al my uiteensettinge aangehoor het. „My grootvader, Johannes Nicolaas Brits, na wie ek heet, was die eienaar van die plaas. Ek het hom self nog geken en my moeder het my baie die geskiedenis vertel.


„Sy was ’n meisie van so omtrent vyftien jaar toe hulle op die plaas gekom het. Die fontein, het sy ons baie vertel, was toe ’n groot, nat kol vol spore getrap deur die wild. Met potlepels het hulle toe drinkwater uit die spore geskep, terwyl die mans ’n gat probeer grawe het. Binne ’n half-uur was daar water genoeg vir mens en dier.

„My oupa het op die plek bly woon, maar die ander waens, wat saam met hom was, het daar van mekaar geskei: die eenaars het elk ’n ander plaas gaan okkupeer. My oupa het daarom die

plaas Skeifontein genoem. Dié naam het ou Warden later tot Bloemfontein verander, want toe hy daar aanland, het my ouma al ’n blomtuintjie voor die hartbeeshuisie gehad, waarin die blomme mooi op was.

„Hier in die buurt het ’n leeu my oupa een dag bespring. Terwyl die leeu hom aan die een hand beet het, het hy met die ander sy hernheuterme getrek en die leeu dood gestek. Maar hy het tot aan die end van sy lewe ’n krom handjie gehad. So het ek hom nog geken.

„Later, gedurende Masoes se oorlog, het sy swaar van anderkant Magaliesberg gekom en my oupa hulle saamgeneem. Daar is Brits-stasie later na een van my ooms genoem.”



Die berg by Isandhlwana en die gedenkteken opgerig ter gedagtenis aan die 24ste Regiment. Die Zoeloes het al die manskappe gedood met die slag van 22 Januarie 1876. Isandhlwana beteken „n handjie.”

Dit is opmerklik dat die geskiedenis van die leeu, wat ons in die ander oorlewering teëgekom het, hierin terugkeer. Verder is in Skeifontein maar ’n klein verandering nodig om te verklaar hoe die ander, vikaliese benaming, wat ek reeds vermeld het, kon ontstaan.

* * * *

’n Klein vyftig jaar, selfs minder, is in die reël genoeg om die sluiers van die vergeetelheid oor die oorsprongsgeskiedenis van ’n volksliedjie te trek. Wie weet by voorbeeld, om maar ’n paar te noem, hoe liedere soos *Siembamba, Mama se Kindjie, Bobbejaan klim die berg, Wanneer kom ons trou-dag, Gertjie* e.a. ontstaan het? Van al hierdie liedjies egter, vondelinge wat vader nog moeder ken, onderskei hom in sekere mate *Vat jou goed en trek, Ferreira*, na die oorsprong waaraan daar tog ’n liggie skemer, onseker en vals miskien, maar tog opmerkenswaardig naas die duister waarin die voorgeskiedenis van byna al hierdie „kleine grut” onder ons liedere wegraak.

Reeds in 1889 gee dr. Hendrik P. N. Muller in sy boek *Zuid-Afrikaanse Reisherinneringen* die volgende lesing van die lied:

Vat jou goed en trek, Pereira!
Vat jou goed en trek!
Al aan die een kant zwaard dra,
Al aan die een kant zwaard dra, ja, ja,
Jannie met die hoepelbeen.

Hy het dit hoor sing deur ’n kommando op weg na Stellaland, en konkludeer dat dit ’n Voortrekkerslied is.

Ook Schonken (*De Oorsprong der Kaaps-Hollandsche Volksverleveringen*) aanvaar later hierdie uitspraak. Jannie is dus, om die woorde van dr. Muller aan te haal, „een oud voortrekker.”

Ek het indertyd in my werk, *Suid-Afrikaanse Volkspoësie*, daarop gewys dat hierdie verklaring op taamlik los pote staan. Dit is my doel om hier nog ’n paar gegewens aan te haal, wat op oorlewering berus en wat moontlik nog ’n bietjie meer lig werp op die wordingsgeskiedenis van die liedjie op ons treklustige held Ferreira.

Die eerste verhaal is my vertel deur iemand wat dit, na hy meen, vroeër in *De Goede Hoop* gelees het. Volgens hom was daar jare gelede op Somerset Oos ’n mank wewenaar wat die hebbelikhed gehad het om ’n sekere jong dame met meer besoeke te vereer as haar eintlik aangenaam was. Saam met ’n vriendin het sy toe *Vat jou goed en trek, Ferreira* gedig. Spoedig het die hele dorp haar dit nagesing, met die gevolg dat die troulustige wewenaar sy besoeke gestaak het.

So ’n oorsprong vir die lied is natuurlik moontlik. Die onlangse korrespondensie oor *Sarie Marais* in die koerante, toe ’n hele aantal persone opgeduik het wat almal ewe seker was dat hulle die lied gedig het, moet ons egter tot waarskuwing dien, om sulke beweringe, hoe stellig ook, nie sonder ’n korrel sout te aanvaar nie. Na jare speel die geheue die mens parte en gaan hy maklik glo dat hy ’n lied, wat hy enkel toegepas het, spesiaal vir die geleentheid gemaak het.

Die tweede verhaal is afkomstig van iemand wat omstreeks 1870 die lied op ’n ander dorpie in die Kaapkolonie deur die bolandsvolk hoor sing het. Dit was eintlik as „paskewel” bedoel op ’n sekere gebeurtenis wat daar plaasgevind en heelwat opskudding veroorsaak het. Die naam van die betrokke persone laat ek agterweë, omdat daar van almal nog nakomelinge leef. Die geval was die volgende. ’n Sekere ingesetene het op ’n goeie dag ontdek dat sy vrou hom deur ’n vriend afgeevry was. Hy het dit die verstandigste geoordeel om self maar die dorp te verlaat. Dit het hy gedoen met agterlating van vrou en haard in besit van sy suksesvolle mededinger.

Die mense op genoemde dorp het die liedjie opgevat, soos reeds gesê, as ’n paskwil deur die volk by die geleentheid gedig. Die man se naam was wel nie Jan Ferreira nie, maar hy het ’n paar baie krom bene gehad, en, daarby, die volk moes natuurlik versigtig wees.

„Jannie met die hoepelbeen” sôu dan die held beskryf, en „al aan die eenkant swaar dra” die toestand van sy vrou.

Of ons hier met die ontstaan van die lied te doen het, of enkel weer met ’n toepassing van een wat reeds al begin gangbaar word het, is natuurlik nie met sekerheid uit te maak nie. In elk geval voer dit die lied terug na minstens die jaar 1870, wat wel van belang is, en die vermoede skyn te staaf dat *Vat jou goed en trek, Ferreira* een van ons oudste draaispeeltjie-begeleidinge is.

Jy wat langs hierdie pad gaan, moenie lag as jy miskien hierdie steen raaksien nie, smee ek jou, al is dit ’n hond se graf. Trane is oor my gestort, die stof is oor my opgehoop deur die hand van ’n baas wat ook hierdie woorde op my grafsteen gebeitel het. — Op ’n hond se graf in ou Griekeland.